

16 Maart

2 Korintiërs 2:14-17

Ruik jy?

Baie mense ervaar die wêreld as heeltemal onvoorspelbaar. Dinge gebeur sommer net en jy kan niks daaraan doen nie. Jy is of gelukkig of jy is ongelukkig.

Die Here leer ons om die wêreld anders te sien: Dit is die plek waar Jesus besig is om sy triomftog deur te voer. Dit laat 'n mens sommer anders lewe. Jy het nie 'n lewe vol probleme nie, maar 'n lewe vol geleenthede.

Omdat ons deel van Christus se segetog mag wees, sien ons uit na die oorwinningsfees. Dit sal as klimaks op die segetog volg. Hier word die beeld gebruik van die oorwinnende koning wat na die oorlog na sy land toe terugkeer.

Al sy onderdane moet weet: Hy het gewen. Die optog moes vertel dat hy werklik gewen het. In daardie optog was ook mense met bakke vol brandende wierook. Die wierook verkondig die oorwinning. Die Goeie Nuus: Jesus het oorwin - dit is soos wierook vir die wat gered word: 'n lieflike geur.

Vir Jesus se vyande is die Nuus van sy oorwinning 'n doodstreuk. Vir hulle bereik die segetog van Jesus 'n dieptepunt. Die duiwel sit reeds vernederend en geboei in sy hok. Die wierook herinner hom heeltyd: jou einde is naby. Vir hom is die wierook 'n doodstreuk. En wie is die wierook? Lees mooi. Dit is ons. Ek en jy.. Laat ons wees wat ons in Christus is.

Sing: Psalm 68:9

Ds. D. van't Zand (Pietermaritzburg)